Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

3 November 2023 Uitgawe: 4/4/2023

## UIT DIE KANTOOR

Die jaar staan nou vinnig einde se kant toe. Daar is egter nog twee weke van aktiwiteite wat moet plaasvind voor die eksamen begin.

**Einde van die jaar reëlings:**

- Volgende week vind die Gr. 7-afskeidstoer plaas. Leerders vertrek reeds om 8:00 na Drakensville en keer terug op Donderdag, 9 November.
- Die Pre-Primêre skool hou volgende week hul jaarlikse konsert. Sterkte aan die kleintjies met hulle eerste amptelike skoolkonsert.
- Op 14 en 15 November hou Tjokkies se Musiekdepartement hul jaarlikse musiekaand. Dit neem vanjaar 'n ander formaat aan en beloof om die jaar op 'n hoë noot af te sluit.
- Buitemuurs stop amptelik Donderdag, 9 November. Daar vind egter nog voorlopige rugby- en netbalproewe in die week van 13-15 November plaas. Ouers het reeds inligting ontvang.
- Die laaste geleentheid vind op Donderdag, 16 November plaas wanneer die GSF hul Entrepreneursdag hou. (8:00-11:00) Om 12:00 beweeg al die leerders na die swembad waar ons 'n lekker pretgala gaan hou.
- Op 17 November begin die eindeksamen vir die Gr. 7-leerders. Sommige musiekleerders neem vir oulaas deel aan 'n uitreikaksie na Bayswater Ouetehuis.


## ANDER

Daar is tans heelwat verlore klere en ander items in die kombuis van die Nasorgstudiesentrum. Indien u enige klere, kosblikke, waterbottels, ens. vermis, gaan loer gerus daar. Ons spasie hiervoor raak nou te klein. Daarom is **Vrydag, 17 November** die laaste dag wat u hiervoor kan gaan kyk, waarna onafgehaalde klere aan die #Tjokkieshop geskenk gaan word sodat dit weer verkoop kan word. Ander items sal dan aan behoeftige instansies geskenk word. Maak asb. seker dat alle klere en items behoorlik gemerk word – dit vergemaklik die opsporing daarvan.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 3 Nov.: | H/S Sentraal Revuefees (Ritmegroep-optrede) |
| | Brandfort swemgala |
| 4 Nov.: | Lettie Fouché *“weesdieverskilfees”* (Pom-pom- en Ritmegroep-optredes) |
| 6 Nov.: | Gr. 7-Afskeidstoer |
| 8/9 Nov.: | Kleuterskoolkonsert |

# VERJAARSDAE



7 Nov.: Mnr. Sherwin Carelse (SF Assistent)

# FINANSIES

Dit is baie belangrik dat ouers nie ‘n leerdernommer (bv. 26598) gebruik vir inbetalings van skoolgelde nie, maar die korrekte skoolrekening verwysingsnommer (bv. V846) aanvra by die finansiële kantoor – daleen@tjokkies.co.za.

‘n Vriendelike herinnering dat skoolfonds en nasorg gehef word vanaf Februaie – Desember. Alle skoolfonds en nasorggelde vir 2023 moet voor 7 Desember 2023 betaal wees. Debietorders vir Desember gaan steeds af op die gekose datums.

## VOORTREKKERS




## KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

# MUSIEKAAND

**"WOORD EN AKKOORD"**

Ons **jaarlikse musiekaand** trek hierdie jaar 'n ander baadjie aan. Ons beplan 'n mooi aand met voorlesings en musiek, deur ons eie musiekleerders.

Die GSF se geleentheid sal (dv) plaasvind op Dinsdag, 14 November en die SF se funksie op Woensdag, 15 November. U is welkom om kaartjies op die Karri-app te koop teen R50 per sitplek. (onbespreekte plekke) Die app maak oop op Vrydag, 20 Oktober en sluit op Sondag, 5 November.

Die aande word aangebied in die vorm van 'n restaurant met "live music". Ons dek die tafels mooi, maak die saal mooi en berei uitstekende musiek en voorlesings voor. U bring dan u piekniekmandjie met u **eie verversings** en kom geniet die aand saam met u vriende. Om vir almal geleentheid te gee, beperk ons aanvanklik die verkope tot 3 kaartjies per gesin. Indien daar daarna nog kaartjies beskikbaar is, sal ons u laat weet.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Nog 20 Bruin Tjokkelok-Teddies oor teen 'n winskoop van R200.00

Skakel vir Suzane om joune op te raap.

Graad 7's kom koop jou "memory"-teddiebeer, Tjokkelok, @ R200. Nog enkeles beskikbaar. 'n Heerlike kersgeskenk, ook vir oud-Tjokkies!





PADDANAG
IN
BLOEM
Die hele gesin is welkom
Interessante inligting oor paddas. Vang, identifiseer en vrylaat van paddas.
Plek: Blue Rain Gastehuis, Woodland Hills Boulevard
(tik dit in by Google Maps)
Datum: Vrydag 24 November 2023
Tyd: 17h00 tot laat
Koste: R100 per persoon
Bring jou eie piekniekmandjie en kos.
Jy mag kontant bring vir 'n aandenking.
Nie verpligtend!
Ons verwelkom veral kinders. Die praatjie is inleidend en verstaanbaar vir laerskoolkinders.
Noodsaaklik vir paddavang:
Wellingtons of Waterskoene – (NIE plakkies nie)
Koplampie
Muskietweerder en Muskietwerende klere
Wees Reg Vir Groot Pret!
Program:
17:00 - 18:30 Arriveer, kuier en ete
18:30 - 19:30 Praatjie en inligting deur:
Dr Edward Netherlands
19:30 - Laat Paddavang by die dam
Paddajag
Kontak vir bespreking: Elrika - 082 940 5783
elrikasenekal@telkomsa.net
Geen besprekings sonder betaling / Betaling nie terugbetaalbaar nie
Kaartjies te koop op Quicket
www.quicket.co.za/events/238552-paddanag-in-bloemfontein-2023/


Wheel Alignment
and Wheel Balancing
for only
R100
Available on Monday, Wednesday and Friday
Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre
Visit us at 89 Oliver Tambo Rd, Oranjesig Bloemfontein
Call us: 051 816 0300 | bloemfonteinservice@autopedigree.co.za
T's and C's apply
RMI
miwa
AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE


RE/MAX
RE/MAX First
Ons vir jou
Suid Afrika!
SPRINGBOKS
BLOEMFONTEIN COURANT
WINNER
2023
BEST OF BLOEMFONTEIN
TINUS BOSCH
082 924 9544 | tinus@remaxfirst.co.za




R80 (Grasveld) kaartjies beskikbaar @ R50, slegs vir skoliere.

Die kaartjies is nie aanlyn beskikbaar nie, maar kontak Marianna Truter by 082 532 4798 per whatsapp indien julle kaartjies wil koop.

Bring 'n piekniekmandjie en kombers saam en geniet die geleentheid in Jesus se teenwoordigheid!

Let wel: Geen kampstoele word toegelaat nie.

Stewige, swart seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke (Verpligtend vir Gr. 4, benodig 7) @ R65 elk of stel van 7 vir R420.
Bestel vroegtydig vir 2024 - betaling met bestelling asb!!

***Whatsapp*** Blanche by 0725052247 vir enige navrae en bestellings.

